DJANI Wildlife Projects
(reg. no: 2004/100839/23)

Posbus 7784
Westgate 1734
Roodepoort
Gauteng
RSA

Serruriastraat
Wilropark Uitbr. 5
Roodepoort 1724
Gauteng
RSA

Tel: +27 (0) 73 1700 737
E-pos: info@djani.co.za

Faks: +27 (0) 86 689 8841
Web: www.djaniwildlife.co.za

"A mighty flame follows a tiny spark"

Opvoedkundige Wild- en Natuurbewaringsprojek: *"WildWays Wildlife Challenge"*

ONS DOEL: Om deur middel van ons unieke bewarings-opvoedkundige projekte die "klein vonkie" te verskaf wat 'n "magtige vlam" van opgevoede, ingeligte en gemotiveerde natuurbewaarders en natuurbewuste individue tot gevolg sal hê – 'n generasie wat alle vorme van lewe met respek, waardigheid en deernis sal behandel – 'n generasie wat nie self-vernietigend sal optree nie.

AGTERGROND:

Gedurende die afgelope 80 jaar is Afrika se soogdier-getalle met meer as 90% verminder – direk as gevolg van die mens se bedrywighede! Dit is ook 'n wetenskaplike feit dat die aarde ongeveer drie biljoen mense kan onderhou – huidig is daar reeds meer as SES biljoen mense met 'n geraamde TWAALF biljoen mense teen 2020!
Dié buitengewone menslike bevolkingsontploffing het 'n steeds toenemende vyandigheid tussen mens en dier, wat vir dieselfde kwynende hulpmiddels moet meeding, teweegebring. In die proses word die mens toenemend vervreem van die natuur en vandag bestaan daar 'n dringende behoefte aan inligting wat volwassenes sowel as jong mense sal aanspoor om die natuur en ons as mens se verwantskap tot dit te besef, te verstaan en te respekteer. *Indien kennis van ons omgewing en mede spesies lei tot respek, besorgdheid en ontferming, dan kan die omgekeerde ook waar wees.*

Die spesifieke omgewing waarin 'n kind opgroei – veral die gesindhede van familie, vriende en onderwysers – bepaal grotendeels of 'n individu ander lewende wesens sal respekteer, ignoreer of sal mishandel. Deur die natuurlike nuuskierigheid van jong mense in hul wêreld aan te moedig, word 'n gevoel van verwondering, genot en 'n ooreenstemmende besorgdheid daaroor gekweek. Jong mense wat goedhartig en respekvol teenoor diere is, is ook geneig om in die proses na volwassewording meer begrip in hul verhoudings met hul medemens te toon.

Ten einde die voorafgaande aan te spreek, is DJANI Wildlife Projects deur Dr Madelein J Grundlingh, 'n professioneel gekwalifiseerde en ervare dierkundige en bewaringsopvoedkundige, gestig. As voormalige dosent (op tersiêre sowel as sekondêre vlak), het dr. Grundlingh vroeg in haar beroep reeds besef dat alleen, geen mens ons natuur kan red van die genadelose en onkundige menslike aanslag en habitatvernietiging nie, maar saam kan ons - "kennis verander gesindhede" en dit is wat ons huidig dringend nodig het om ons natuur (en onsself) 'n kans op oorlewing te gun.

"WILDWAYS WILDLIFE CHALLENGE":

In samewerking met die Rhino & Lion Natuurreservaat en SABC 2 (in die persoon van Michelle Garforth), is DJANI Wildlife Projects huidig besig met 'n nasionale opvoedkundige dierelewe-/natuurbewarings projek. Die projek, genaamd die "WildWays Wildlife Challenge", sluit die volgende in:

1. Professionele opvoedkundige dierelewe- en natuurbewaringsaanbiedings, -lesings en -programme word deur DJANI Wildlife Projects GRATIS by skole en enige ander belangstellende instansies aangebied asook by die Rhino & Lion Natuurreservaat en by Croc City Krokodilplaas. Ander aanbiedinge wat verskillende lewende diere insluit, en/of fokus op spesifieke temas, bv. aardverwarming, besoedeling, evolusie, en vele meer, is ook beskikbaar (vir meer inligting, kontak ons by: info@djani.co.za).

2. Nasionale Interskole "WildWays Wildlife Challenge": 'n Nasionale interskole dierekennis-kompetisie wat onder andere gebaseer sal wees op die dierelewe inligting wat op die Dierelewe Troefkaarte verskyn. Hierdie kompetisie sal by 'n deelnemende gasheerskool gehou word en afhangende van die belangstelling, sal die geleentheid ook vir nasionale televisie verfilm word.

…vervolg op bladsy 2

3. Verspreiding van ons unieke "WildWays Dierelewe Troefkaartreeks" ("WildWays Wildlife Trump Card Series"), wat deeglik nagevorsde en buitengewone inligting oor meer as 180 verskillende dierspesies (insluitend soogdiere, voëls en reptiele) bevat. Meer as 12 verskillende natuurspeletjies kan met 'n enkele pak kaarte gespeel word en indien die nege (9) verskillende troefkaart-titels (pakke) gekombineer word, kan 15 verskillende speletjies gespeel word. Die speel van hierdie dierelewe kaartspeletjies waarborg die **verkryging van ongeëwenaarde dierekennis en wel op 'n prettige en vermaaklike wyse** – ideale tydverdryf vir enige natuurliefhebber! Die kaarte het hul ook bewys as uitstekende onderrig-hulpmiddels vir natuurbewaring-studente (FGASA ingesluit) sowel as in die onderrig van Biologie en Natuurwetenskap en is teen 50% minder as die kleinhandelprys aan leerders beskikbaar.



4. Nasionale Interskole asook Individuele Natuurfotografie kompetisie: Deelnemende skole of individue kan hul beste natuurfoto's in drie verskillende kategorieë (1. Wilde diere, 2. Natuur/landskap en 3. Natuur: Kunstig), inskryf. Die beste foto's sal gekies word en in die fotogallery op die DJANI Wildlife Projects webblad uitgestal word.

5. 'n Unieke en omvattende opvoedkundige dierelewe inligtingswebblad (www.djaniwildlife.co.za) is spesifiek vir die "WildWays Natuurlewe Projek" geskep. Hierdie webblad bied aan skole en individue die geleentheid om 'n bydra te lewer tot die dierelewe-inligting wat op die webblad beskikbaar is.

WAT ONS VRA / U BETROKKENHEID:

Die enigste versoek wat ons het is slegs die geleentheid om, na verkryging van u goedkeuring, persoonlik die projek (soos hierbo beskryf), aan die leerlinge as deel van 'n unieke, pret en hoogs informatiewe natuurbewarings-aanbieding (wat 100% by die skool sillabus aansluit), te kom bekendstel.

Michelle Garforth en haar span het reeds die media-bekendstelling van die "WildWays Wildlife Challenge" (gehou op 23 Mei 2008 te Rhino & Lion Natuurreservaat), vir die program: BUSH RADAR KIDS (SABC 2), verfilm vir uitsending in 2009.

Indien u enige verdere inligting verlang, besoek gerus ons webblad (www.djaniwildlife.co.za), of kontak my direk by enige van die ingeslote nommers of epos-adresse.

Byvoorbaat baie dankie vir u positiewe ondersteuning en ons sien uit daarna om sommer gou van u te hoor.

Vriendelike groete

Dr. Madelein J Grundlingh
Wild- & Natuurbewaringsopvoedkunde Spesialis: DJANI Wildlife Projects.
(Tel: 073 1700 737; epos: mjgrundlingh@mweb.co.za)